HOSA/VOSA

Issue/uitgawe 24
Jul/Aug 2012

E-News / E-Nuus

NUUSBERIGGIES/NEWS ITEMS

4 Aug 2012 Pretstap

Op 4 Augustus kom ons bymekaar om lekker saam te stap in die Botaniese Tuine, Pretoria. Kom en geniet die dag en help om stap as sport te bevorder! Daar gaan wonderlike pryse uit gedeel word aan gelukkige inskrywings, 'n paar stalletjies net om bietjie atmosfeer te skep en natuurlik die heerlike gevoel om in die natuur te wees, reg in die hartjie van die stad.
Registrasie vind plaas vanaf 08.00 en inskrywings fooi is R30.00 per persoon. Vir meer inligting, kontak my gerus 083 532 5557 of jackdo1@vodamail.co.za
We are having a fun day on the 4th of August at the Botanical Gardens, Pretoria. Come and enjoy the day with us. Great prices will be awarded to lucky entrees, some stalls with interesting items will be on show and most of all, you will enjoy the beautiful gardens here in the city.
A fee of R30.00 per person is payable on registration which will start from 08.00. For more info contact me 083 532 5557 of jackdo1@vodamail.co.za

NASIONALE VOETSLAAN INDABA

Organiseer deur

THE HIKING ORGANISATION OF SOUTHERN AFRICA-(HOSA)

DIE VOETSLAAN ORGANISASIE VAN SUIDELIKE AFRIKA–(VOSA)

DATUM: 5 tot 7 Oktober 2012.
LOKAAL: RIETVLEI NATUUR RESERVAAT naby PRETORIA
(20km vanaf Oliver Tambo Lughawe)

TEMA: QUO VADIS? Hoe kan ons nuwe belangstelling in die voetslaan industrie kweek en in die proses Toerisme in Suidelike Afrika bevorder?
Kontak Albert Bossert 072 22 88 161 of Jackie Doman 083 532 555 7 vir meer besonderhede.
www.hosavosa.co.za

GRIEKELAND STAPTOER

Annes Momberg het in die vorige nuusbrief vertel van die ongelooflike toer wat hulle na Griekeland onderneem het. Wat ek vergeet het om by te voeg, is dat die toer gereel is deur Senior Toere, Franschoek. Annelize is ook 'n lid van VOSA en neem gereeld stappers oorsee, veral Griekeland, en beplan reeds die volgende toer na onbekende plekkies aldaar.

Afspraak in Franschhoek
Senior Toere in Franschhoek bied vanaf 22 tot 28 Oktober 2012 ***'Afspraak in Franschhoek'*** aan. Dit is 'n sublieme samekoms vir stappende siele tydens 'n heerlike, sagte week van interaksie met ander stappers en die natuur. Skakel gerus vir Annelize le Roux van ***Senior Toere*** by 021 876 3095 of 083 261 1300 vir meer inligting.

KURSUSSE
Dit lyk vir my asof daar beplan word om 'n Roete Bou Kursus en Akkreditasie Kursus te hou in die week na die Indaba in Oktober. Indien julle meer besonderhede wil hê, kontak gerus vir prof Leon Hugo by 082 578 3023 of leonhugo@vodamail.co.za

NUWE ROETES

Lindani

The Lindani Hiking Trails comprise four interlinked circular trails ranging from 7 to 11kms. They traverse two valleys with perennial streams and run alongside the east facing slope of a third valley. Hikers can enjoy a wide variety of scenery and hiking terrain – streams and pools, towering sandstone cliffs, deep wooded kloofs, magnificent specimens of bushveld trees, typical open savannah, beautiful rock formations often covered with multi coloured lichen and extensive vistas from highpoint beacons. The trails are so arranged that those looking for a longer hike than is offered by the individual trails can achieve this by linking two or more of the trails without retracing their footsteps.

Vaalwater 0530 Tel: 014 755 4959 info@lindani.co.za (Bookings)

FYNBOS HIKING TRAIL

It is a 3 day slackpacking trail 2 hours outside of Cape Town in the Overberg Mountains. It is a wonderful trail with many different aspects to it, mountain fynbos, beatiful fynbos, climbing peaks where you get views over Walker Bay (although not too high a climb), staying in luxury accommodation, visiting different projects along the way (Growing the Futures where ladies grow vegetables, a reforestation project on Flower Valley where you get to plant a tree) and ending with a luxurious lunch at Grootbos (5 star hotel). Of course this is the rolls royce version and one can also choose to do it self guided and even self catered.

We also have the option if people would like to do a longer hike to continue to Leon Hugo's Perlemoen Trail which links really nicely into our trail.

You can view more details on the trail at www.walkerbaytrails.co.za

Take a look at our video on the home page of our website, which gives you a good overview of the trail.

Magalies Krans

Ek sit op die stoep. Om my die vredigheid van die natuur – die wind se gesuis deur die blare, water wat in die dam stort, voëls in die bome en veraf die geboggem van bobbejane. Reg voor my, op die ou kraal mure onder die karees, speel die blou apies rond. Daar verder, voor my die ruwe kranse van die Magaliesberg. Hoog in dielug sweef spierwit watte wolke rond en met fynkyk kan mens die witkruisarende sien vlieg. Rustig. Dit is ook die naam van die plaas waar die staproetes Kareeberg, Witstinkhout, Olienhout en Magalies Krans gebou is. Die roete is in Noord-Wes Provinsie geleë.

Hier wil ek net vertel van een van die roetes. Magalies Krans. Dit is 'n relatiewe nuwe roete. Die roete is uitgelê en gebou deur Albert Bossert.

Die roete neem die stapper eers deur die veld, verby mooi ou bome en die ou windpomp. Daarna gaan dit geleidelik teen die berg op, deur klompies bome, oor en deur slote, met kliptrappies op, al hoër en hoër. En dan is daar 'n keuse: Chicken Run of Kranse! Kom aan, wees dapper. Kom klim saam met my die 9 lere teen die kranse uit! Baie veilig maar ook uitdagend. Tot bo! Die vergesigte is genoeg om jou weer rustig te maak. Dan, weer 'n keuse! Nog 'n Chicken Run of Dassie Decent. Met laasgenoemde gaan jy weer in 'n skeur af, met 10 lere. Weereens veilig maar bangmaak af! Onder gekom skakel jy in by die ander paadjie en stap dan met die kontoer langs, met stapel trappies oor die heinings, deur die Boekenhoutbos en op na Sandstone Valley. Kyk uit vir die renoster horing en die sampioen rots. Slenter dan verder tot by die volgende keuse! Ai tog! Met 'n chicken run of met die skeur af. Die 10 lere gaan jou asemloos bring tot onder die kranse. Hierna volg 'n heerlike stap deur die inheemse bosse, koelte oral, tot by Kop Toe se oornag hut. Kyk hier in die tuine rond na al die mooi handgemaakte tuin ornamente gemaak van afval materiaal. Dag 2 slinger tussen wildskampe deur waar wild soos rooibokke, swart impalas, swartwitpense, koedoes en ander gesien kan word. Dan verder deur die veld, verby die dam waar somermaande watervoëls gesien kan word, tot terug by die huis vir 'n heerlike koue bier.

Opgestel deur Jackie. Kyk in WEG! Van Augustus 2012 vir hulle kontak besonderhede.



My e-pos adres is jackdo1@vodamail.co.za indien u enige nuusberiggie wil stuur, vir plasing in ons e-nuusbrief.
Vertel ons van u klub se stap planne vir die jaar.
Please send me your hiking story!
Let us know what your club's program is for the year. Jackie

You can solve anything by walking!